Jou Christus-familie se nuusdiens met nuus vir diens ~ www.ngcaledon.co.za

Erediens

Sondag 29Nov

09:30

Gelei deur

Ds. Dewald du Toit

Teks:

Hand.20:7-12

Denke oor ons roeping

Gys van Schoor sit ons aan die dink oor ons roeping - dit wat ons hier en nou doen. Hy doen dit deur die Woord van God te gebruik – ons vier ook vandag die ingebruikneming van 'n nuwe Bybelvertaling – iets wat nie elke dag gebeur nie. Deur die Woord wil ons steeds meer en meer seker maak hoe ons leef in verhouding met God. Hoe ons reageer op Sy roepstem soos vers 9 uitwys. Kom ons lees saam uit God se woord.

1 Kor 1:3 - 9 *Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus! Ek dank my God altyd oor julle vir die genade wat Hy in Christus Jesus aan julle geskenk want in Hom het God julle in alles ryklik geseën, veral in die gawes van woord en kennis. Die boodskap van Christus is onder julle so goed gevestig dat dit julle nie aan 'n enkele genadegawe ontbreek nie. Julle bly ook vol verwagting uitsien na die verskyning van ons Here Jesus Christus. Dit is Hy wat julle ook end-uit sal laat vas staan, sodat daar geen aanklag teen julle sal wees op die dag dat ons Here Jesus Christus kom nie. God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here.*

Wat maak jy hier?
Wat is die sin van jou lewe?
Hierdie vrae het te make met – roeping. **Wat is jou roeping?**

Kom ons gee 'n treetjie terug en vra eers: Waaroor gaan roeping?

- *"... a purpose of being in the world that is **related** to the purposes of God."*
  Walter Brueggemann
- *"Finding and **fulfilling** the central purpose of your life." Os Guinness*
- *"To live a **focused** life." Os Guinness*
- ***"The place where your deep gladness meets the world's deep need."** Frederick Buechner*

(hierdie laaste aanhaling is darem pragtig – daar waar jou diepste vreugde die wêreld se diepste nood ontmoet – daar is nood en ons kan dit aanspreuk)

Dink so bietjie na oor jou lewe in oorleg met Paulus se boodskap hierbo en kom by jou roeping uit. Os Guinness maak in sy boek "The call" 'n **belangrike onderskeid**. Hy onderskei primêre en sekondêre roeping.

Sekondêre roeping het te make daarmee dat Jesus ons roep om **saam met Hom 'n verskil** in hierdie wêreld te maak. Ons is immers gestuurdes.

Primêre roeping gaan daaroor dat **Jesus ons roep na Homself**: "Kom hier, kom saam met My..." Of soos dit in ons teks staan: "God is getrou, Hy wat julle geroep het **om verenig te lewe** met sy Seun, Christus Jesus, ons Here".

Dit gaan hier om 'n eerstehandse verhouding met Jesus. Die eerstehandse leer ken van Hom en leer leef met Hom. Ons roeping begin dus by Jesus wat ons uitnooi. Vandaar kan ons 'n verskil maak.

Wanneer ons werk vir die Here (sekondêre roeping) nie voortvloei uit ons primêre roeping nie, kan dit groot skade berokken vir die koninkryk en ander mense... en vir onsself.

Gewoonlik verstaan ons roeping as iets wat ons moet gaan doen. Dit is reg. **Maar primêr word ons geroep om iemand te wees**. Om 'n verskil te wees in hierdie wêreld en dan só 'n verskil te maak.

Mag ons in die Kerstyd weer hoor dat Jesus ons roep om iemand te wees in Sy aangesig en dan kan ons gaan leef wat Hy vir ons gee om te leef.

Mooi week, Dewald

Caledongemeente

Ons gee God se hoop en liefde aan

Buitengewoon bemoedig

Preeknota's: 29 November 2020

Teks: Hand.20:7-12

Tema: Buitengewoon bemoedig

Vandag is die eerste Sondag van **Advent**.

Sondag van **Hoop**.

Begin die erediens deur Hebr.11:1 te lees – wat beteken hoop vir jou?

Ons dink op die Sondag van Hoop veral daaraan dat ons Hoop in die koms van die Messias gesetel is.

Ons neem vandag ook die nuwe **2020 Bybelvertaling** in gebruik.

Die Hoop hiermee is dat ons op nog meer maniere God se verhaal met Sy kinders sal verstaan.

Die Kuluturele diepte van die Woord van God
Die Geskiedkundige diepte van die Woord van God
Die Kanoniese diepte van die Woord van God
Die Teologiese diepte van die Woord van God

Elkeen van die 4 areas vertel net weer vir ons 'n verhaal wat jou laat groei in jou geloof.

Hand.20 is een verhaal waarin ons besef hoe ons bemoedig kan word deur die Gees wat een persoon inspireer (Paulus) en 'n hele gemeenskap deur hom aanraak.

Dink na oor verhale van buitengewone genade wat jy ken en dalk al vergeet het van in die wonderlike Woord van God.

Preke is Sondae vanaf 07:00 beskikbaar op Youtube. Skakel in deur te gaan na:

www.ngcaledon.co.za/preke

of jy kan direk na ons YouTube kanaal **gaan 'Caledon NG'**

www.youtube.com

Preeknota's: 29 November 2020

Teks: Hand.20:7-12

Ds Dewald du Toit

Veels geluk
aan almal wat die week verjaar!

Verjaar	Noemnaam	Van	Kortadres	Landlyn	Selfoon
11/29	Luke	Robertson	Plot 79	028 212 3332	
11/30	PJ	Smal	Klein Vaalkop	028 212 2448	

Desember

12/01	Koela	Du Toit	Nerinaweg 15	028 212 2356	27833187818
12/01	David	Van Vlaanderen	Jakarandastraat 4	084 582 6251	27844747773
12/03	Linette	Morkel	Proteastraat 20		27826957339
12/04	Gerhard	De Villiers	Crassulastraat 4.	028 212 3999	27834069082
12/04	André	Kriel	Kerkstraat 2	028 212 3630	27767961356
12/05	Albé	Rossouw	Uitkyk		27827383344

Voorbidding

- *Annemarie Lotter (Veldblom wyk)*
- *Joan Reynolds (Trinity)*
- *Jacques Crocker (De Kuil)*
- *Ons wens ons saaiboere 'n geseënde oestyd toe!*

Algemeen

Deuroffers:

Deuroffers tydens Grendeltyd was beperk. Ons Kerkraad het besluit dat ons na die beste van ons vermoeë steeds ons verpligtinge teenoor die organisasies op ons deurofferlyste wil nakom. In die lig hiervan gaan ons fondse beskikbaar stel om die betrokke instansies te ondersteun. Ons wil ook grag ons gemeente die kans gun om 'n bydrae te maak aan instansies wat gedurende die grendeltyd nie hul broodnodige deuroffers kon ontvang het nie. Vir elektroniese oorbetalings, gebruik asb "deuroffer" as verwysing.

Boeke beskikbaar by die kerkkantoor:

- Uit die Beek 2021 @ R215
- Bybel (swart hardeband 2020 vertaling) @ R130 elk

Tyd van erediens:

Neem asb kennis dat ons eredienste vanaf 6 Desember om 09:00 begin.

6 Desember: Nagmaal en Dankoffersondag

Ons kospakkie-projek gaan steeds voort. Die nood in ons gemeenskap is baie groot. Kom ons sê dankie vir ons oorvloed, deur te gee vir ander. (Kospakkies kan by die kerkkantoor afgegee word)

Styging in Covid-getalle: Na aanleiding van die onlangse stygings in die Covid-syfers wil ons u graag aanmoedig om veilig te wees en Covid-maatreëls na te kom.

Snap here to pay

SnapScan

Kerkkantoor: 028 212 1202 ngkcaledon@twk.co.za

Kantoor Whatsapp nommer: 072 807 3192

Ds. Marinus:028 212 2293 marinustheron@telkomsa.net

Ds. Dewald: 028 212 1332 dutoitdewald@yahoo.com

Webblad: www.ngcaledon.co.za.

Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,

NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229 Takkode: 183509

Matthys Roets by Caledon-Wes (10 Desember 2020)

ECO TIP

Ons Gemeente wil maniere vind om God se skepping te koester.

Ons wil daagliks by ons huise seker maak dat dit wat ons gebruik en verbruik so goed as moontlik gedoen word en so min as moontlik vermorsing en besoedeling veroorsaak. God vertrou ons met Sy handewerk en ons kan dus mekaar help om die skepping op te pas.

Koos du Plessis se gebed is so mooi, waar hy sê: "Dit wat ons het is maar net geleen." Kom ons pas dus ons stukkie paradys so goed as moontlik op.

Ons Kerkraad het 'n groep aangewys wat Ekologiese sake moet ondersoek en met planne kom om ons omgewing te beskerm en te geniet. Een so plan is om sonkragopwekking te ondersoek vir ons gemeente. Ons kan verder gaan om vir ons besighede te vra om meer klem te lê op produkte wat nie skadelik is vir die natuur nie - en by name enkelgebruik plastiek uit te skakel. Ons wil ook let op hoe ons ons kerk se bates bestuur en dan ook die gesprek van rentmeesterskap lewendig hou in ons eie harte en gedagtes.

Ons kom sê in 'n wonderlike jaar dankie dat God ons laat leef waar ons leef.

Mag ons Sy Naam eer deur Sy skepping op te pas.

'n Liefdevolle en groen Kersfees

Kom ons fokus vanjaar op Kersgeskenke wat vir die res van God se skepping tot seën sal wees. Die beste manier om vir onsself te sorg, is deur vir ons omgewing te sorg. Dit is hoe "vrede op aarde" prakties waar word. Ons mag dalk op dié manier ontdek dat dit 'n enorme bydrae tot ons eie vreugde gee.

1. In en om die huis

- Troetel jul troeteldier(e) hierdie Kersdag spesiaal. En vind vreugde in hulle vreugde.
- Plant 'n inheemse boom of struik in jul tuin. Berei die gat met groot liefde en goeie voorbereiding voor. En verbind jou in vreugde aan die versorging van die struik/boom vir die jare wat voorlê.
- Eet op Kersdag vegetaries.

2. Ons woonbuurt/dorp/stad

- Is daar dalk 'n rivier/vlei/strand naby julle waar julle rommel kan gaan optel?
  Bereken julle koolstofvoetspoor vir die afgelope jaar en plant genoeg bome om daarvoor te vergoed. Hier is twee webtuistes wat julle kan gebruik vir die berekening. Die tweede een is Suid-Afrikaans en verbind spesifiek jul voetspoor met die plant van bome: https://www.carbonfootprint.com/calculator.aspx; en http://www.trees.co.za/carbon-offset/carbon-calculator.html

- Vind uit by julle plaaslike munisipaliteit waar julle die bome kan plant. Maak seker dat die bome inheems is en dat hulle versorg word in die volgende twee jaar totdat hulle gevestig is.

- Vind uit by julle plaaslike Dierebeskermingsverenging (DBV) waarmee julle kan help om die diere onder hulle sorg te help versorg gedurende hierdie kersseisoen.

3. Verder

- Ry hierdie Kersfees doelbewus minder.
  Daar is verskeie spesies diere en plante wat bedreig word. Vind by Natuurbewaring uit hoe jy/julle gesin kan help om nuwe hoop te gee vir hulle wat uitsterwing in die gesig staar.